Michelle Pieters
michellep@sun.ac.za
+27 (0)21 808 2812 | +27 (0)72 207 0366



# Effektiewe kantoorkommunikasie

ʼn Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Is jy die een wat vergaderings skeduleer, notules opstel, e-kommunikasie uitstuur, telefoonnavrae hanteer en kantooruitdagings oplos? Sluit by ons aan en verfyn hierdie belangrike vaardighede verder.**

## Waarop fokus hierdie kursus?

In hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, leer jy onder andere hoe om bondige e-posse met net die regte hoeveelheid inligting te skryf, en om aandagtig en met insig tydens vergaderings te luister. Die kursus fokus verder op:

- die vermoë om professionele interne en eksterne e-kommunikasie te skep
- probleemoplossingsvaardighede en tegnieke om navrae, klagtes en moeilike situasies die hoof te bied
- ʼn deeglike begrip van vergaderingprosedures en die rolspelers se verantwoordelikhede
- die vermoë om professionele agendas saam te stel
- vaardighede om vergaderings met vertroue te bestuur en doeltreffende notules te struktureer.

## Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie intreevlakkursus is vir jou bedoel as jy nie ʼn eerstetaalspreker van Engels is nie, maar in ʼn werksomgewing funksioneer waar Engels gebruik word.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur ʼn aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Is daar enige voorvereistes?

Jy sal ʼn rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal ʼn betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

## Waar en wanneer vind die kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Regstreekse aanlyn sessies** (10:00 tot 12:00) | **Kontaksessies** (09:00 tot 16:00) | **Duur van die kursus** (openings- en sluitingsdatums) | **Skryf in voor** |
|---|---|---|---|---|
| Kursus 1: | 3, 10, 17 en 24 April | 27 Maart | 6 Maart tot 8 May | 6 Maart |
| Kursus 2: | 21, 28 Augustus, 4 en 11 September | 18 September | 31 Julie tot 2 Oktober | 31 Julie |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ongeveer agt uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

**Wie is die aanbieders?**



**Willemien Theron** is 'n uitsonderlike aanbieder en fasiliteerder. Sy fokus op die aanbied van interaktiewe opleiding in effektiewe kommunikasie, persoonlike ontwikkeling en spanbou. Willemien is ten volle daarvan oortuig dat onderrig die beste manier is om 'n suksesvolle en produktiewe lewe te skep en te lei.



**Cornelia Grobler** is geesdriftig oor taal en taalonderrig en het ervaring in akademiese sowel as besigheidsomgewings. Sy is 'n uitsonderlike aanbieder met 'n kalm en metodiese benadering tot leer. Sy is kundig oor aanlyn leer en onderrig.

**Wat kos dit?**

Die kortkursusfooi is R5 500 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieders en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

**Enige verdere vrae?**

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.